**Die Ring van Louis Trichardt verklaar dat die AS vergadering van 2019 se besluit oor selfdegeslagverbintenisse, a. Sondig volgens die Woord is omdat dit geslagtelike gemeenskap buite die Bybelse huwelik goedkeur, en b. Wederregtelik volgens die geldende reg van die land is.**

**BEVINDING VAN DIE RING VAN LOUIS TRICHARDT**
**Die onlangse hofuitspraak oor seldegeslag verbintenisse het elke lidmaat, kerkraad en predikant in die volgende openbare regsposisie in die openbare gemeenskap en geldende reg van die land geplaas:**

**1. beide die landswette oor die huwelik en die "Civil Union Act" word deur die ASM/AS aanvaar as die geldende openbare reg vir die NG Kerk in sy geheel.**
**2. Die AS matig homself die siviele reg aan om predikante en kerkrade *wat nie met hierdie landswet saamstem nie*, in sekere gevalle vry te stel van die "Civil Union Act" wat deur die AS as geldende reg van die land erken word.**
**3. Die AS besluit verder dat sy predikante en kerkrade wel *burgerlike verbintenisse* tussen selfdegeslag pare mag sluit volgens die "Civil Union Act", maar dat hulle as selfdegeslag pare, volgens die AS, nie in die *huwelik* mag tree of bevestig mag word nie, soos wat dieselfde "Civil Union Act" dit wel as geldende reg vasstel vir elke lidmaat, predikant en kerklike vergadering.**
**4. Met hierdie besluite diskrimineer die AS volgens die "Civil Union Act" (wat die AS self aanvaar het) teen selfdegeslagpare, deur hulle die reg op 'n keuse te ontsê of hul vereniging 'n burgerlike verbintenis of 'n huwelik mag wees volgens die "Civil Union Act"**
**5. Die onnadenkende oopstelling van legitimasie en die ampte "ongeag seksuele oriëntasie en identiteit", stel die legitimasie en ampte ook vir *pedofilie* oop, met 'n grysarea oor gedrag soos *sado-masochisme* e.a.**
**6. Hierdie besluit van die AS is regtens binne die land <u>onuitvoerbaar</u>. Die ASM/AS het volgens die hofuitspraak die landswette op die huwelik en die "Civil Union Act" as geldende reg vir die hele NG Kerk aanvaar, maar kom dan en matig homself teenoor die konstitusie en wette met 'n eiegeregtigheid aan om lidmate, predikante en kerkrade van die geldende reg in die land vry stel. Hiermee aanvaar die AS die landswette maar gee sy vergaderinge en lidmate die ruimte om hulle teen die geldende reg te verset. Hierdie *innerlike teenstydigheid* in terme van geloof en gehoorsaamheid aan die Here, is niks anders as *anargie* nie.**

**BESLUITE VAN DIE RING.**
1. Die AS 2019 besluite oor sefdegeslagverbintenisse is *wederregtelik* en *sondig* omdat die AS 2019 aan sy predikante en kerkrade die mag gee om aan die wet van die land ongehoorsaam te mag wees. Dit is *anargisties* want die AS 2019 self het die *landswet* oor selfdegeslag huwelike en burgerlike verbintenisse aanvaar.

2. Dit is <u>sondig</u> omdat die die AS vergadering van 2019 in effek *geslagsgemeenskap buite die huwelik* nou toelaat, sonder in agneming van die duidelike voorskrifte van God se Woord hieroor.

3. Dit is sondig omdat die AS 2019 deur hierdie besluit <u>tweespalt</u> in die kerk se eenheid skep.
**Motivering**: Deur steeds die huwelik as enigste verbintenis vir heteroseksuele geslagsgemeenskap te bly handhaaf, maar in effek buitehuwelikse geslagsgemeenskap as God se wil te regverdig, verdeel die AS 2019 die kerk se eenheid in geloof en waardes in twee. Deur verder hierdie innerlike teenstrydigheid as ŉ keuse vir predikante en kerkrade oop te laat, skep die AS 2019 tweespalt in die eenheid van kerkverband.

4. Deur die AS 2019 se besluit dat elke predikant en kerkraad kan *kies* wat vir hulle reg sou wees, ontneem die AS 2019 wederregtelik lidmate, predikante en kerkrade toegang tot ŉ eenvormige kerkordelike wyse oor die regte wat die AS toestaan aan sowel selfdegeslag verbintenisse as heteroseksuele huwelike, deur die keusevryheid in breë kerklike verband om begenoemde te kan handhaaf of teen te staan.

5. Die AS 2019 besluit kom neer op sowel *pligsversuim* en *magsmisbruik*:
**Motivering**: Die AS 2019 het homself vir sy mandaat en plig as kerklike vergadering volgens God se Woord "vasgeloop" verklaar, en het toe sy mandaat en plig wederregtelik en onkerkordelik op vergaderinge en predikante oorgedra, wat nie die mandaat en plig daarvoor het nie. Maar terselfdertyd oefen die AS 2109 nou die mag uit om bindende besluite te neem oor dieselfde saak waarvoor hy homself "vasgeloop" verklaar het.

6. Dit is wederregtelik volgens die wet van die land, (wat die AS 2019 as geldende reg erken het) om as kerk naas die owerheid vir homself dieselfde siviele mag toe te eien om:

6 a. predikante en kerkrade vry te stel van die wet van die land.
6 b. sy lidmate wat <u>heteroseksueel</u> is die siviele reg te ontneem om in *burgerlike verbintenisse* verenig te mag word.
6 c. sy lidmate wat <u>homoseksueel</u> is die siviele reg te ontneem om volgens die "Civil Union Act in die *huwelik* bevestig te mag word.

7. Dit is sondig omdat die AS 2019 homself as kerk die mag van die owerheid toeëien.
**Motivering.**
Die AS 2019 het homself as kerklike vergadering bemagtig om naas die owerheid nog ŉ owerheid te wees, met die waanbeeld dat hy met eiegeregtigheid die openbare gemeenskapslewe "*op ŉ eie kerklike manier*" kan inrig teenoor die owerheid se wetgewing.

8. Die Ring van Louis Trichardt verklaar dat geen kerklike vergadering besluite wat sondig en wederregtelik is, met die gesag van die kerk kan neem of bindend maak nie. ʼn Besluit wat sondig is, sonde regverdig en verset teen die wet van die land is, val buite die mandaat en plig van die enige kerklike instelling, vergadering of gesag. Daarom is die besluit van die AS 2019 regtens en kerkordelik <u>geen besluit</u> nie. As ʼn sonde is dit beide ʼn oortreding van die wet van God en die wet van die land.

9. Die sondigheid van hierdie dubbelslagtige besluit van die AS 2019 lê ten diepste daarin dat die ware God in hierdie eiewillige besluite net ʼn marionet word wat moet dans na die wil van mense, en daardeur ʻn afgod word sonder ʼn eie wil (soos beskryf in Rom. 1: 18 – 32.)

**Motivering**

God sou nou *aan die een kant* die tipe god wees wat aan mense van <u>dieselfde geslag</u> die gawe van ware liefde vir mekaar gee, hulle verenig tot ʼn eenheid waarin hulle selfdegeslagsgemeenskap hul as mense vervul soos God dit bedoel het en hulle hierin as God seën. In hierdie godsbeeld veroordeel God mense wat hierdie tipe liefde as sonde sien, as liefdeloos, veroordelend en met ʼn onbegrip vir wie God werklik sou wees. Terselfdertyd is God *aan die ander kant* nou egter volgens die besluit van AS 2019 ʼn god wat net ʼn man en vrou in ʼn huwelik verenig en alle geslagtelike verkeer daarbuite as sonde veroordeel. Deur beide gode as die een God van die kerk te verklaar het die AS 2019 van God ʼn afgod gemaak. Dit is die sonde van sinkretisme – een afgod is net so goed soos die volgende afgod want ons behou God nog net in Naam! Die AS 2019 stel hierdie ontering van God as net nog ʼn afgod, nou voor as die deug van mense om vir mekaar liefdevol ruimte te maak.

10. Daarom verklaar die Ring van Louis Trichardt die AS 2019 se besluit oor selfde geslag burgerlike verbintenisse, in sy geheel volgens die Woord van God, die Kerkorde en die geldende reg van die land, as <u>onuitvoerbaar</u>. Dit is onuitvoerbaar weens die diepgrypende *sondige aard* daarvan.

11. Die Ring van Louis Trichardt wys kerkrade, predikante en lidmate van die Ring daarop dat hulle op geen wyse hulself met hierdie AS 2019 besluit oor selfdegeslag verbintenisse mag verbind nie. Deur enige verbintenis aan hierdie besluit sal hulle saam met die AS 2019, medeskuldig aan hulle sonde en misdryf wees, en hulle volgens Rom. 1: 18 – 32 onder die oordeel van God stel.

12. Die Ring van Louis Trichardt wys lidmate ook daarop dat die vergadering van die AS 2019 net een vergadering van die AS is en nie die instelling van die AS in sy geheel verteenwoordig nie. Daarom roep die Ring van Louis Trichardt lidmate, predikante, kerkrade, ringe en sinodes op om hulle te distansieer van slegs hierdie een sonde in een vergadering van die AS en om die AS as ons eie kerk se instelling vir ons eie kerklike verband te handhaaf en te respekteer.

13. Die Ring doen ŉ beroep op die ASM om nie die land se grondwet en geldende regspleging as middel te misbruik om die innerlik teenstrydige waardes van die NG kerk te handhaaf of te vergoeilik nie.

14. Die Ring doen ŉ oproep op die ASM om die kerklike standpunt dat geslagsgemeenskap deur God net vir die Bybelse huwelik van een man en vrou bedoel is, deel van die openbare orde te maak, binne die grondwet en geldende reg, soos die grondwet daarvoor voorsiening maak, en ander kerke en ekumeniese vennote al reeds gedoen het of hulle daarvoor beywer, en om met hulle hiervoor saam te werk.

*Bevinding en besluite geneem op die spesiale Ringsitting van die Ring van Louis Trichardt soos gehou op 25.10.2019 te Louis Trichardt gemeente.*

## II AGTERGROND TOT TOELIGTING VIR DIE RING SE BESLUIT

## I DIE BESLUIT VAN DIE AS BINNE DIE OPENBARE GELDENDE REG VAN SA

**1. Die geldende reg in Suid Afrika oor huwelike en burgerlike verbintenisse.**
Binne die geldende reg van Suid Afrika was daar voor 2007 net een wet waarop mense verenig kon word. Dit was die wet op die huwelik uit die tyd toe Suid Afrika nog openlik ŉ Christelike land was. In hierdie wet mag regtens net 1 volwasse man en 1 volwasse vrou in die huwelik verbind word.

In 2007 is hierdie wet nie uitgebrei nie. Daar is ŉ <u>tweede nuwe wet</u> naas hierdie wet goedgekeur, nou volgens die nuwe grondwet van Suid Afrika. Dit is die sogenaamde “Burgerlike verbintenis” wet, dit is, “Civil Union Act”. In hierdie wet word bepaal dat heteroseksuele of homoseksuele pare beide óf in die huwelik óf in ŉ burgerlike verbintenis bevestig kan word. Volgens hierdie huidige dubbele wetgewing, kan heteroseksuele persone nou op 3 wyses wetlik verenig word, 1. volgens die huwelikswet, 2. volgens die “Civil Union Act” in ŉ huwelik en 3 volgens dieselfde wet in ŉ burgerlike verbintenis.

Volgens die “Civil Union Act” kan twee volwasse <u>homoseksuele persone</u> tot óf ŉ troue óf ŉ burgerlike verbintenis verenig word. Dit skep die vreemde regsposisie dat hulle nie volgens die *huwelikswet* verbind mag word tot ŉ huwelik nie, maar wel volgens die “Civil Union Act” van 2007 tot ŉ huwelik verbind mag word. Hulle kan dus volgens die “Civil Union Act” op 2 maniere volgens die wet verbind word.

Die geldende reg volgens die konstitusie van die land en die wet van 2007 is dat homoseksuele pare wel in die huwelik bevestig kan word.

Dit is ŉ totale misgissing as mense reken dat homoseksuele pare volgens die wet van die land net in burgerlike verbintenisse bevestig mag word. Hulle mag volgens

die wet ("Civil Union Act") kies of hulle vereniging 'n *huwelik* of 'n *burgerlike verbintenis* moet wees.

Volgens status en regte is daar dus nou tegnies in Suid Afrika geen onderskeid tussen 'n *huwelik* of 'n *burgerlike verbintenis* nie. Dit is nog net 'n onderskeid in woorde tussen 'n vorige staatbedeling en die nuwe staatbedeling.

Hierdie dubbele wetgewing van 'n huwelikswet sowel as 'n burgerlike verbinteniswet waarmee jy óf in die huwelik bevestig word of in 'n burgerlike verbintenis, behoort eintlik uit die regspleging te verdwyn.

**2. Die geldende reg van godsdienstige huweliksbevestigers en staatsamptenare as huweliksbevestigers.**

Volgens die huidige regspleging mag predikante as wetlike huweliksbevestigers nie weier om homoseksuele mense óf in die huwelik óf in 'n burgerlike verbintenis volgens hulle eie keuse wetlik te bevestig nie.

Ironies genoeg, bepaal die wet dat staatsamptenare (nie predikante nie) wel nog weens gewetensbesware kan weier om homoseksuele pare of in die huwelik of in burgerlike verbintenisse te bevestig, maar volgens 'n nuwe omsendskrywe van die minister sal hulle ook verplig word om alle verbintenisse, hetsy heteroseksueel of homoseksueel óf as huwelike óf as burgerlike verbintenis te bevestig volgens die keuse van die persone self.

Volgens die huidige "Civil Union Act" mag predikante dan ook nie weier om heteroseksuele persone, wat nie in die huwelik nie, maar in 'n burgerlike verbintenis verenig wil word, volgens hulle eie keuse te bevestig nie.

Al hoekom NG predikante tans nie gedwing word om of huwelike of burgerlike verbintenisse van homoseksuele pare te moet bevestig nie, is omdat die NG Kerk as instelling nog nie aansoek vir hierdie bevestiging gedoen het nie. Na die besluit van die AS in 2019 sal die AS nou hierdie versoek moet rig tot die owerheid en daardeur sal alle predikante gedwing wees volgens wetgewing om hierdie bevestiging volgens die wet te moet doen.

**3. Die NG Kerk se openbare regsposisie in die gemeenskap na hulle aanvaarding van die hofuitspraak oor die appèl teen die 2016 besluit van die AS.**

Die ASM/AS het die hofuitspraak oor sy 2016 besluit aanvaar en het nie teen die hofuitspraak geappelleer nie. Die AS/ASM kon nie teen die uitspraak appelleer nie aangesien die verklarende bevel op prosedurele gronde berus het waarteen geen appél ingedien kan word nie, aangesien die kerk sy eie kerkordelike prosedures in sy besluitneming nie nagekom het nie.

Die hofuitspraak het die AS 2016 se volledige stel besluite oor selfdegeslagverhoudings tersyde gestel wat beteken dat die 2015 besluite weer die geldende standpunt word. Die AS 2019 het op dieselfde gronde van *prosedurele onkerkordelikheid* die 2015 besluite tersyde gestel, wat beteken dat daar van nuuts af oor die saak gedink moet word en dat die 2004 besluite weer die amptelike standpunt van die kerk is, wat oa behels dat geslagsgemeenskap slegs binne die huwelik van een man en een vrou volgens die wil van God kan wees.

Die dilemma is egter dat die Civil Union Act van 2007 ondertussen die spelreëls verander het en dat die kerk nou rekening moet hou met die geldende reg van die land dat daar voortaan 3 soorte verbintenisse vir heteroseksuele pare moontlik is en 2 soorte verbintenisse vir selfdegeslag pare. Maar dit is nie net ‘n opsionele moontlikheid nie. Die kerk is nou regtens verbind tot heteroseksuele huwelike en burgerlike verbintenisse sowel as homoseksuele huwelike en burgerlike verbintenisse.

**4. Die NG Kerk se geestelike eiegeregtigheid en verset teen die geldende reg van die land.**

Ten spyte van die hofsaak waarvan die uitspraak berus het op die tans geldende wette oor huwelike en burgerlike verbintenisse, het die NG Kerk by die **AS 2019** teenoor die geldende reg van die land, die volgende besluit geneem: “8. Die Algemene Sinode erken dat daar:
8.1 kerkrade en predikante is wat *nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie*,
8.2 ook kerkrade en predikante is wat *wel hulle weg oopsien* om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.
9. Die sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om *volgens hulle oortuiging* op te tree, bevestig. … 10. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om ʼn <u>formulier</u> te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag. ... Die volgende besluite is saam met die bogenoemde besluit, steeds geldende besluite van die NG Kerk:
HUWELIK, PROMISKUÏTEIT EN SELFDEGESLAG VERHOUDINGS
Die AS 2007 het die volgende besluite bevestig:
1. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ʼn huwelik beskou kan word. 2. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele *promiskuïteit* ten sterkste veroordeel word.
3. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as ʼn alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie. (uit Handelinge AS 2007, pp 204-205, pt. 12.2 en 12.3)”

Die AS bevestig nou met ʼn Algemene Sinodale besluit dat daar in die NG Kerk, die <u>ruimte</u> is dat predikante en kerkrade wat homoseksuele pare in burgerlike verbintenisse wil bevestig, dit mag doen. Terselfdertyd bevestig hulle dat predikante

en kerkrade wat dit nie wil doen, dit nie hoef te doen nie. Dit gaan in hierdie besluit oor die bewoording in die “Civil Union Act.”

Dit beteken dat die AS besluit het dat sy lidmate, kerkrade en predikante mag homoseksuele pare volgens die “Civil Union Act”, in burgerlike verenging bevestig, maar nie in huwelike volgens die “Civil Union Act” nie. Verder word met ŉ Algemene Sinodale besluit die besluite van 2004 herbevestig dat homoseksuele pare in die NG Kerk nie in die huwelik bevestig kan word nie, al word dit in die “Civil Union Act” gestel dat dit hulle reg volgens die grondwet is. Hierdie reg is deur die hofuitspraak teen die NG kerk se 2016 besluit gehandhaaf.

Die volgende besluit wat die AS 2019 nou herbevestig het volgens hulle self, saam met sy nuwe ruimte, is net *regtens en moreel onsamehangend*: “3. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike *nie as ŉ alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie*. (uit Handelinge AS 2007, pp 204-205, pt. 12.2 en 12.3)” Hierdie besluit kan nie gehandhaaf word wanneer die AS homoseksuele burgerlike vereniging volgens die landswet goedkeur en daarvoor nog ŉ kerklike formulier ook skryf nie.

**5. ŉ Misgissing deur ŉ sekulêre verwysingsraamwerk.**
Die AS het die volgende bewoording gemaak oor wie in die ampte in die kerk mag dien in die legitimasie van proponente: “6.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit.” Die benaming “*seksuele oriëntasie en identiteit*” is ŉ sekulêre beskrywing uit die LGBT gemeenskap en moontlike regsbeskrywings. Dit is nie teologiese onderskeidings en benamings nie.

Volgens hierdie beskrywing is <u>pedofilie</u> ook ŉ seksuele oriëntasie en identiteit, veral met die AS se bewoording “ongeag van”. Sou die kerk die ampte en legitimasie vir pedofiele oopstel volgens hierdie onnoukeurige bewoording, sal die kerk vir elke optrede van só ŉ persoon wat hy deur legitimasie en bevestiging in die amp verkry het, regtens aanspreeklik gehou word. Die kerk kan nie deur die amp en legitimasie vir pedofiele toegang gee tot kinders en die gevolge hiervan regtens vermy nie. Sulke persone mag nie gelegitimeer word en tot ŉ amp toegelaat word en so toegang tot kinders kry nie.

Hierdie oopstelling van legitimasie en die ampte “*ongeag seksuele oriëntasie en identiteit*” is <u>onuitvoerbaar</u>.

Veral met die byvoeging van die woord “identiteit.” Seksuele wangedrag soos “*sado-masochisme*” is nie ŉ seksuele gerigtheid nie, maar wel deel van mense se seksuele identiteit. Met die kwalifikasie “ongeag” is dit veel meer wat in hierdie bewoording goedgekeur word.

**III DIE INNERLIKE TEENSTRYDIGE MORELE WAARDES VAN DIE BESLUIT VAN DIE AS BINNE DIE GELOOF EN KERKORDE VAN DIE NG KERK**

1. **Buitehuwelikse geslagsgemeenskap mag vir lidmate, kerkrade en predikante of liefde of sonde wees na goeddunke en eie Bybelverstaan**.
Volgens die AS 2019 besluite oor selfdegeslagverbintenisse is *buitehuwelikse geslagsgemeenskap* nou (vir die wat so daaroor dink en voel) <u>ware liefde</u> wat 'n gawe van God is, en vir die wat <u>nie</u> daaroor so voel en dink nie, <u>sonde</u> teen die wil van God.

Beide hierdie oortuigings mag binne die NG Kerk as reg volgens eie Bybelverstaan uitgeleef en gehandhaaf word.

Die AS stel duidelik in sy besluit dat homoseksuele pare in die NG Kerk nie in die huwelik bevestig mag word nie, nie deur die huwelikswet, óf deur die wet van burgerlike verbintenisse van 2007 nie. Daarmee handhaaf die AS 2019 die standpunt dat *alleen heteroseksuele persone in 'n huwelik bevestig moet word*, <u>nie</u> homoseksuele persone nie. Hierdie onderskeid word as morele waarde binne die geloof van die NG Kerk gestel.

Dit is dus die geloofs- en morele standpunt van die AS 2019 dat net een man en vrou in 'n huwelik verbind mag word en leef. Selfdegeslag pare leef dus volgens die AS in *iets anders as 'n huwelik* saam, en sou hulle verbintenis 'n huwelik wees volgens die Civil Uniion Act, is dit teen die geloof en waardes van die NG Kerk.

Daarmee het die AS 2019 besluit dat geslagsgemeenskap sonde is vir die wat glo in die huwelik as die enigste instelling waarvoor geslagsgemeenskap bedoel is volgens die Woord van God, maar dat geslagsgemeenskap buite die huwelik ook terselfdertyd nie sonde is nie, as dit plaasvind binne 'n sogenaamde "monogame verhouding van liefde en trou" wat volgens die AS self nie 'n huwelik is nie.

Dit is die <u>innerlik teenstrydige morele grondslag</u> vir die besluit van die AS 2019 wat soos volg geneem is: ""8. Die Algemene Sinode erken dat daar:
8.1 kerkrade en predikante is wat <u>nie</u> hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,
8.2 ook kerkrade en predikante is wat <u>wel</u> hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.
9. Die sinode wil graag die <u>ruimte</u> wat <u>vir almal</u> geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig."

**2. Daar is vir hierdie teenstrydige morele waardes binne een geloof volgens die AS van 2019 self geen Bybelse Gronde nie.**
Die AS 2019 het die volgende verklaring deel van die besluit van die AS gemaak: "1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van

Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat *voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is."*

Hierdie "vasgelopenheid" beskryf die posisie waarin die AS sy besluit geneem het. Dit beteken dat volgens die AS hulle as vergadering nie uit die Skrif kan stel dat homoseksuele burgerlike verbintenisse sonde is of nie, al is dit die vergadering se vaste standpunt dat die huwelik net bedoel is vir een man en een vrou.

Sonder dat hulle volgens die Woord van God kon besluit of "seks in monogame verhoudings van liefde en trou buite die huwelik" sonde is of nie, het hulle egter besluit hierdie mense mag in hierdie verbintenisse bevestig word met 'n kerklike formulier waarin God se seën oor hulle uitgespreek word, terwyl hulle in so 'n verbintenis in die amp mag dien en die sakramente mag gebruik.

Volgens hulle eie verklaring is hierdie besluit nie volgens God se Woord nie, omdat hulle hul self as vergadering vasgeloop het in die teenstrydighede waarvoor hulle nie in God se Woord uitkoms kon kry nie.

Daar is dus vir hierdie teenstrydige morele waardes binne een geloof geen Bybelse Gronde volgens die AS 2019 self nie.

3. **Die AS 2019 het sy mandaat oor die geloofsidentiteit van die NG Kerk aan predikante en kerkrade geabdikeer**.
Die bepaling en handhawing van die NG kerk se geloofsidentiteit volgens die Woord van God is volgens die Kerkorde die mandaat en plig van die Algemene Sinode. Met hierdie besluit (dat geslagsverkeer buite die huwelik óf nie sonde is nie óf sonde is, volgens elke predikant en kerkraad se eie oortuiging en eie Bybelverstaan, en dat hierdie eie Bybelverstaan só binne gemeentes, ringe, en sinodes nou gehandhaaf moet word) het die AS 2109 sy spesifieke mandaat en plig aan kerkrade en predikante geabdikeer.

Hierdie abdikering is volgens die Kerkorde wederregtelik. Die AS as vergadering kan nie binne die bestaande Kerkorde sy spesifieke mandaat en plig aan ander vergaderinge oordra omdat hy dit nie self kan uitvoer nie.

Hierdie wederregtelike abdikering van sy mandaat en plig, verskeur die eenheid van die NG Kerk. Dit beteken dat, wat nou deur een predikant en kerkraad as liefde geglo word en in die Naam van Jesus ingeseën word, homoseksuele verbintenisse, is vir 'n ander predikant en kerkraad sonde wat in die Naam van dieselfde Jesus Christus getug moet word, van vermaning tot sensuur.

Hierdie wederregtelike abdikering van sy mandaat en plig deur die AS 2019 maak enige kerkordelike handhawing van óf die morele waardes van seksuele verkeer as liefde en trou buite die huwelik óf die morele waardes van die huwelik as die

instelling waarvoor geslagtelike verkeer bedoel is, binne die NG Kerk kerkordelik geheel en al onmoontlik.

Hoe kan die AS van mening wees dat hulle "vasgelopenheid" oor God se Woord net binne hulle vergadering geldig is? Hoe moet kerkrade funksioneer wat ook oor God só vasgelope raak? Dan moet binne een gemeente elkeen kan doen wat hy glo en goeddunk volgens sy eie Bybelverstaan, sonder dat die kerkraad daaroor geloofs- of morele leiding kan gee omdat hulle "vasgeloop" is. Hoe kan ŉ lidmaat in een gemeente in die Here se liefde ingeseën word, maar wanneer hy na ŉ ander gemeente gaan deur die selfde Here getug en van die sakramente weerhou word?

Nie een van hierdie twee teenstrydige waardes sal ooit weer op Rings- of Sinodale vlak kerkordelik hanteer kan word nie. Deur altwee teenstrydige waardes as reg te verklaar, het die AS enige reg tot appel oor enige van hierdie twee waardes vir lidmate binne elke kerkraad, ring en sinode ontneem – hulle is nou uitgelewer aan die persoonlike Skrifbeskouing, die persoonlike geloofsoortuiging en persoonlike waardes van elke predikant en kerkraad na goeddunke. Want as die AS die reg het om sonder Skrifgronde geloofs- en morele standpunte te vorm en te handhaaf, het elke ander vergadering, ampsdraer en lidmaat dieselfde reg.

Met hierdie abdikering het die AS die NG Kerk se *geloofsidentiteit verskeur*. Om hierdie kerkverskeuring met humanistiese en filosofiese benamings soos diversiteit en verskeidenheid voor te hou, is *ligsinnig*.

ŉ Goeie voorbeeld hiervan is die standpunt wat die leraars van Namibië gestel het. Hulle verwerp die AS se besluit as sonde en sinkretisme. Volgens die AS mag hulle dit doen omdat dit volgens hulle geloof en waardes oor die huwelik reg is. Terselfdertyd sal die AS hulle, wat volgens hulle geloof en oortuiging glo homoseksuele verbintenisse is deur die liefde wat Jesus gee reg, hulle verbintenis in die Naam van Jesus met ŉ goedgekeurde formulier inseën. Om hierdie soort kerklike verskeuring van die leraars van Namibië en hulle wat nou homoseksuele verbintenisse gaan inseën, as diversiteit, geestelike openheid en die waarde van ruimte vir mekaar, voor te hou, is doelbewus misleidend.

4. **Die innerlike geloofsverskeurdheid van die NG kerk as gronde vir sy teenstrydige openbare waardes.**

Die AS 2019 se besluit skep die indruk dat die kerk hom teen die konstitusie en wetstoepassing van die land vasgeloop het, en nie binne die geldende reg sy geloof en waardes kan handhaaf nie, maar dit op ŉ eie binnekerklike wyse moet hanteer.

Om die innerlike teenstrydigheid van óf die verset teen die geldende reg maar terselfdertyd die aanvaarding daarvan óf die verklaring van waardes wat sonde en liefde gelyktydig kan wees, toe te skryf aan die konstitusie of regspleging van die

land, is ŉ totale misplaasde beeld van die konstitusie van die land, die regspleging in die land en die werklike rede vir hierdie teenstrydigheid.

Die AS/ASM kon tydens die appel teen sy AS besluit van 2017, en kan nou nog ŉ algemene saak uitmaak volgens die konstitusie en landswette vir gemotiveerde diskriminasie volgens sy geloofsoortuiging en morele waardes *binne* die wette van die land. Hierdie reg word wêreldwyd erken. Die Europese unie as Unie erken nie burgerlike verbintenisse vir homoseksuele pare as ŉ mensereg nie.

Die AS wou en wil nie geregverdigde diskriminasie binne die reg van die konstitusie en land beding vir sy geloof en waardes nie, en wil homoseksuele verbintenisse as ŉ mensereg erken terwyl hy huwelike vir homoseksuele pare as mensereg ontsê – volgens die AS 2019 kragtens die Woord van God!

Die rede hiervoor lê nie in die konstitusie van die nuwe demokrasie van die land en nog minder in die onduidelikheid van die Skrif as Woord van God nie. Dit lê binne die NG Kerk se geestelike karakter om twee innerlik teenstrydige gelowe en innerlik teenstrydige morele waardes as een en dieselfde geloof te wil handhaaf!

Dit is hoe die NG Kerk die geloof in die bestaan van engele, volgens sy eie belydenisskrifte, aan die een kant bly handhaaf, maar terselfdertyd die geloof dat daar geen engele is nie, en daarom nie ŉ duiwel nie, ook binne die NG kerk aanvaar. Dit lei tot die absurditeit dat jy binne die NG Kerk duiwels in die Naam van Jesus kan uitdryf wat volgens die Bybel nie sou bestaan nie. Net so word die liggaamlike opstanding van Jesus as mens uit die dood volgens die belydenisse gehandhaaf, maar kan geleerdes en lidmate wat dit nie so wil glo nie, dit nou sogenaamd *metafisies* verstaan, en elkeen is reg! Net so word die belydenis gehandhaaf dat ons net deur geloof alleen geregverdig word, maar lidmate wat só glo mag veroordeel word deur predikante dat hulle nog nie wedergebore is en Jesus as persoonlike Saligmaker aanvaar het nie, en al twee hierdie oortuigings word as reg binne die NG Kerk aanvaar.Net so word die een doop as seremonie genoegsaam volgens die belydenisse aanvaar, maar hulle wat die betekenis van hierdie doop nie genoegsaam vind mag dit met ander seremonies ook vier. Net so mag lidmate glo hulle is deur hul geloof met Jesus deur die Heilige Gees vervul, maar ander mag glo hulle word eers met die Heilige Gees vervul met ŉ totale oorgawe aan God.

Dit is hierdie innerlike teenstrydigheid in sy geloof in God wat die gronde is vir die AS 2019 se teenstrydige waardes rondom seksuele verkeer wat binne of buite die huwelik gelyktydige liefde of sonde mag wees.

Om die AS 2019 se innerlik teenstrydige waardes oor homoseksuele verbintenisse aan die konstitusie of die wetstoepassing van die howe van die land toe te skryf, is opportunisties en wil nie die werklike rede vir hierdie anargistiese en

kerkverskeurende besluit aanvaar nie – die spirituele identiteit van die NG Kerk van innerlike teenstrydige gelowe in God en gehoorsaamheid aan God.

5. **Die rede vir die teenstrydigheid in die AS se besluite is die sinkretisme binne die NG Kerk**.
Dit het die verklaring van die leraars van Namibië reeds duidelik verwoord: hierdie sogenaamde diversiteit is niks anders as sinkretisme nie. Hierdie sinkretisme is reeds deur die Ring van Louis Trichardt op sy ringsitting van 2018 aan die Ring en die Noordelike Sinode in die vergaderings van die SDR van Noordelike sinode uitgewys.

Hierdie is die werklik rede vir die onsamehangende besluit van die AS waarin homoseksuele burgerlike verbintenisse in sekere gemeentes nou ingeseën kan word in die Naam van Jesus maar as sonde getug kan word in ander gemeentes, waarin homoseksuele pare burgerlik in die Naam van Jesus ingeseën kan word vir hulle ware liefde vir mekaar, maar nie met hierdie liefde wat Jesus in hulle harte vir hulle gegee het in ŉ huwelik bevestig mag word nie.

Tussen hierdie onsamehangende besluit oor innerlike teenstrydige waardes oor homoseksuele verbintenisse en die NG kerk se innerlik teenstrydige geloof soos byvoorbeeld dat in sy gemeentes nou duiwels uitgedryf kan word, wat nie regtig volgens die Bybel bestaan nie, is daar geen verskil nie. Inteendeel, die NG Kerk wil een kerk vir hierdie innerlike teenstrydige en wedersydse uitsluitende spiritualiteite wees.

**III DIE "CIVIL UNION ACT" VAN SUID AFRIKA**
Government Gazette REPUBLIC OF SOUTH AFRICA Vol. 497 Cape Town 17 November 200 6 No. 29441 THE PRESIDENCY No. 1208 30 November 2006 It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:– No. 17 of 2006: Civil Union Act, 2006.

**ACT**

To provide for the solemnisation of civil unions, by way of either a marriage or civil partnership; the legal consequences of civil unions; and to provide for matters incidental thereto.

PREAMBLE

WHEREAS section 9(1) of the Constitution of the Republic of South Africa. 1996. provides that everyone is equal before the law and has the right to equal protection and benefit of the law;
AND WHEREAS section 9 (3) of the Constitution provides that the state may not unfairly discriminate directly or indirectly against anyone on one or more grounds, including race, gender, sex, pregnancy, marital status, ethnic or social origin, colour,

sexual orientation, age, disability, religion, conscience, belief, culture, language and birth;
AND WHEREAS section 10 of the Constitution provides that everyone has inherent dignity and the right to have their dignity respected and protected;
AND WHEREAS section 15 (1) of the Constitution provides that everyone has the right to freedom of conscience, religion, thought, belief and opinion;
AND WHEREAS the rights in the Bill of Rights may he limited only in terms of law of general application to the extent that the limitation is reasonable and justifiable in an open and democratic society based on human dignity, equality and freedom;
AND NOTING that the family law dispensation as it existed after the commencement of the Constitution did not provide for same-sex couples to enjoy the status and the benefits coupled with the responsibilities that marriage accords to opposite sex couples.
BE IT THEREFORE ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa. as follows:-

**Definitions**
1. In this Act. unless the context otherwise indicates-
"civil union" means the voluntary union of two persons who are both 18 years of age or older, which is solemnised and registered by way of either a marriage or a civil partnership, in accordance with the procedures prescribed in this Act, to the exclusion, while it lasts, of all others.
“civil union partner” means a spouse in a marriage or a partner in a civil partnership, as the case may be, concluded in terms of this Act;
“Customary Marriages Act” means the Recognition of Customary Marriages Act. 1998 (Act No. 120 of 1998);
“Identification Act” means the Identification Act. 1997 (Act No. 68 of 1997);
“Marriage Act” means the Marriage Act, 1961 (Act No. 25 of 1961);
“marriage officer” means- (a) a marriage officer ex officio or so designated by virtue of section 2 of the Marriage Act; or (h) any minister of religion, or any person holding a responsible position in any religious denomination or organisation, designated as marriage officers under section 5 of this Act;
“Minister” means the Cabinet member responsible for the administration of home affairs;
“prescribed” means prescribed by this Act or by regulation made under this Act; 1.5 and “this Act” includes the regulations.

**Objectives of Act**
2. The objectives of this Act are- (a) to regulate the solemnisation and registration of civil unions, by way of either of a marriage or a civil partnership; and to provide for the legal consequences of the solemnisation and registration of civil unions.

**Relationships to which Act applies**
3. This Act applies to civil union partners joined in a civil union.

**Solemnisation of civil union**

4. (1) A marriage officer may solemnise a civil union in accordance with the provisions of this Act. (2) Subject to this Act, a marriage officer has all the powers, responsibilities and duties, as conferred upon him or her under the Marriage Act. lo solemnise a civil union.

**Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denomination or organisation as marriage officers**

5. (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act. (2) The Minister may designate such a religious denomination or organisation as a religious institution that may solemnise marriages under this Act, and must from time to time, publish particulars of all religious institutions so designated in the Gazette. (3) The Minister may, on request of any designated religious institution referred to in subsection (2), revoke the designation under that subsection and must publish such revocation in the Gazette. (4) The Minister and any officer in the public service authorised thereto by him or her may designate, upon receiving a written request from any minister of religion or any person holding a responsible position in any designated religious institution to be, as long as he or she is such a minister or occupies such position, a marriage officer for the purpose of solemnising marriages, in accordance with this Act, and according to the rites of that religion. (5) Every designation of a person as a marriage officer under subsection (4) shall be by written instrument and the date as from which it shall have effect and any limitation to which it is subject shall he specified in such instrument. (6) The Minister and any officer in the public service authorised thereto by him or her may, upon receiving a written request from a person designated as a marriage officer under subsection (4) revoke, in writing, the designation of such person as a marriage officer for purposes of solemnising marriages under this Act. 5

**Marriage officer not compelled to solemnise civil union**

6. A marriage officer, other than a marriage officer referred to in section 5, may in writing inform the Minister that he or she objects on the ground of conscience, religion and belief to solemnising a civil union between persons of the same sex, whereupon that marriage officer shall not be compelled to solemnise such civil union

**Prohibition of solemnisation of civil union without production of identity document or prescribed affidavit**

7. No marriage officer may solemnise a civil union unless each of the parties in question produces to the marriage officer his or her identity document issued under the provisions of the Identification Act; (h) each of such parties furnishes to the marriage officer the prescribed affidavit: or (c) one of such parties produces his or her identity document referred to in paragraph (N) to the marriage officer and the other furnishes to the marriage officer the affidavit referred to in paragraph (h).

**Requirements for solemnisation and registration of civil union**
8. (1) A person may only be a spouse or partner in one marriage or civil partnership. (2) A person in a civil union may not conclude a marriage under the Marriage Act or the Customary Marriages Act (3) A person who is married under the Marriage Act or the Customary Marriages Act may not register a civil union. (4) A prospective civil union partner who has previously been married under the Marriage Act or Customary Marriages Act or registered as a spouse in a marriage or a partner in a civil partnership under this Act, must present a certified copy of the divorce order. or death certificate of the former spouse or partner, as the case may he, to the marriage officer as proof that the previous marriage or civil union has been terminated. (5) The marriage officer may not proceed with the solemnisation and registration of the civil union unless in possession of the relevant documentation referred to in subsection ( 4 ). (6) A civil union may only be registered by prospective civil union partners who would, apart from the fact that they are of the same sex, not be prohibited by law from concluding a marriage under the Marriage Act or Customary Marriages Act.

**Objections to civil union**
9. ( 1 ) Any person desiring to raise any objection to any proposed civil union must lodge such objection in writing with the marriage officer who is to solemnise such civil union. (2) upon receipt of any such objection the marriage officer concerned must inquire into the grounds of the objection and if he or she is satisfied that there is no lawful impediment to [he proposed civil union. he or she may solemnise the civil union. (3) If he or she is not so satisfied, he or she must refuse to solemnise the civil union and record the reasons for such refusal in writing.

**Time and place for and presence of parties and witnesses at solemnisation and registration of civil union**
10. (1 ) A marriage officer may solemnise and register a civil union at any time on any day of the week, but is not obliged to solemnise a civil union at any other time than between the hours of eight in the morning and four in the afternoon (2) A marriage officer must solemnise and register a civil union in a public office or private dwelling-house or on the premises used for such purposes by the marriage officer, with open doors and in the presence of the parties themselves and at least two competent witnesses, but the foregoing provisions of this subsection do not prohibit a marriage officer to solemnise a civil union in any place other than a place mentioned herein, if the civil union must be solemnised in such other place by reason of the serious or longstanding illness of, or serious bodily injury to one or both of the parties. (3) No person is competent to enter into a civil union through any other person acting as his or her representative.

**Formula for solemnisation of marriage or civil partnership between the. afternoon**.

11. ( 1 ) A marriage officer must inquire from the parties appearing before him or her whether their civil union should be known as a marriage or a civil partnership and must thereupon proceed by solemnising the civil union in accordance with the provisions of this section. (2) In solemnising any civil union, the marriage officer must put the following 20 questions to each of the parties separately. and each of the parties must reply thereto in the affirmative: "Do you, A.B., declare that as far as you know there is no lawful impediment to your proposed marriage/civil partnership with C.D. here present, and that you call all here present to witness that you take C.D. as your lawful spouse/civil partner'?" and thereupon the parties must give each other the right hand and the marriage officer concerned must declare the marriage or civil partnership, as the case may be, solemnised in the following words: "I declare that A.B. and C.D. here present have been lawfully joined in a marriage/civil partnership (3) If the provisions of this section relating to the questions to be put to each of the parties separately or to the declaration whereby the marriage or civil partnership shall be declared to be solemnised, or to the requirement that the parties must give each other the right hand. have not been strictly complied with owing to- (a) an error, omission, or oversight committed in good faith by the marriage officer; (b) an error. omission or oversight committed in good faith by the parties; or (c) the physical disability of one or both of the parties and such civil union has in every other respect been solemnised in accordance with the provisions of this Act, that civil union shall, provided there was no other lawful impediment thereto, be valid and binding.

**Registration of civil union**

12. (1) The prospective civil union partners must individually and in writing declare their willingness to enter into the civil union with one another by signing the prescribed document in the presence of two witnesses (2) The marriage officer and the two witnesses must sign the prescribed document lo certify that the declaration made in terms of section 11(2) was made in their presence. (3) The marriage officer must issue the partners to the civil union with a registration certificate stating that they have, under this Act, entered into a marriage or a civil partnership, depending on the decision made by the parties in terms of section 11 ( 1 ). (4) The certificate contemplated in subsection (3) is prima facie proof that a valid civil union exists between the parties referred to in the certificate. (5) Each marriage officer must keep a record of all civil unions conducted by him or her. (6) The marriage officer must transmit the civil union register and records concerned to the official in the public service with the delegated responsibility for the population register in the area in question (7) Upon receipt of the said register the official referred to in subsection (6) must cause the particulars of the civil union concerned to he included in the population register in accordance with the provisions of section 8 (e) of the Identification Act.

**Legal consequences of civil union register in the area in question.**

13. (1) The legal consequences of a marriage contemplated in the Marriage Act apply, with such changes as may be required by the context, to a civil union.(2) With

the exception of the Marriage Act and the Customary Marriages Act. Any reference to (a)  marriage in any other law. including the common law, includes. with such changes as may be required by the context, a civil union; and (b) husband, wife or spouse in any other law, including the common law, includes a civil union partner.

**Offences and penalties**

14. (1) Any marriage officer who purports to solemnise a civil union which he or she is not authorised under this Act to solemnise or which to his or her knowledge is legally prohibited, and any person not being a marriage officer who purports to solemnise a civil union, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding 12 months. (2) Any marriage officer who demands or receives any fee, gift or reward for or by reason of anything done by him or her as marriage officer in terms of this Act, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months. (3) Any marriage officer who knowingly solemnises a civil union in contravention of the provisions of this Act, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months. (4) Any person who, for the purposes of this Act makes any false representation or false statement knowing it to he false, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed by law for perjury.

**Regulations**

15. (1) The Minister may make regulations relating to- (a) the form and content of certificates, notices, affidavits and declarations for the purposes of this Act; (b) the fees payable for any certificate issued or any other act performed in terms of this Act: and (c) generally, any matter which by this Act is required or permitted to be prescribed or which he or she considers necessary or expedient to prescribe in order that the purposes of this Act may he achieved or that the provisions of this Act may be effectively administered. (2) Such regulations may prescribe penalties for a contravention thereof, of (a) fine not exceeding the amount that. in terms of the Adjustment of Fines Act. 45 1901 (Act No. 101 of 1991), may he imposed as an alternative to imprisonment for a period of six months: or (b) in lieu of payment of a tine referred lo in paragraph In), imprisonment for a period not exceeding six months. (3) Any regulation made under the Marriage Act shall, in the  absence of a regulation made under subsection (I ), apply to the extent that it is practicable and necessary, in order Lo promote or facilitate the application of this Act: Provided that this subsection shall lapse after- a period of one year from the date of the commencement of this Act.

Short title and commencement.

16. This Act is called the Civil Union Act, 2006, and comes into operation on 30 November 2006 or an earlier date fixed by the President by proclamation in the GAZETTE.